3. Die Algemene Sinode neem kennis van die volgende redes waarom sekere gemeentes nie hulle weg oopsien om in dieselfde ringe en sinode as gemeentes wat anders dink oor selfdegeslagverhoudings, te wees nie:
    a. Genoemde gemeentes beleef dit as onhoudbaar om op ringsvlak asook streeksinodale vlak saam te werk waar een NG gemeente verkondig dat selfdegeslagverbintenisse in God se Naam veroordeel moet word as 'n tugwaardige sonde, terwyl die buurgemeente verkondig dat dieselfde verbintenis in God se Naam bevestig en geseën moet word of dat dit bloot as 'n randsaak beskou kan word.
    b. Genoemde gemeentes beleef gevolglik ook 'n volkome vertrouensbreuk met andersdenkende gemeentes wat die oordrag van lidmaatskap met attestaat, onderlinge kanselruiling asook beroeping van leraars betref.
    c. Die Algemene Sinode neem ook kennis dat hierdie besluit om ruimte te skep vir die bevestiging van selfdegeslagverbintenisse, volkome anders is as verskille tussen gemeentes oor sogenaamde randsake waarvoor die kerk histories altyd sonder onenigheid en agterdog ruimte toegelaat het en waarvoor die sinode toekomstig altyd op spanninglose wyse ruimte sal toelaat.
4. Die Algemene Sinode neem kennis van die unieke en onhoudbare spanning tussen gemeentes op ringsvlak asook sinodale vlak wat a.g.v. hierdie standpunt sigbaar word soos byvoorbeeld daarin dat byna 100 NG gemeentes doleer en nog vele ander gemeentes hieroor ongelukkig is.

5. **AANBEVELINGS**

Die Algemene Sinode wil teen hierdie agtergrond, die volgende oplossings bied vir die konsekwensies van sy besluit om ruimtes te skep vir verskillende Skrifvertolkings oor selfdegeslagverhoudings:

    a. Die Algemene Sinode wil in hierdie geval konsekwent bly aan punt 9 van sy besluit oor selfdegeslagverhoudings wat lui: "Die Algemene Sinode wil graag die ruimte wat vir almal geskep word, om volgens hulle oortuiging op te tree, bevestig."
    b. Die Algemene Sinode wil daarom bevestig dat dit begryplik is dat talle gemeentes die ruimte versoek om saamgegroepeer te word in die lig van hierdie besluit.
    c. Aangesien die vorming van nuwe sinodes nie die verantwoordelikheid van die AS is nie, keur die AS tog wel in beginsel goed dat gemeentes wat dit onhoudbaar vind dat gemeentes binne hulle ringe en streeksinodes selfdegeslagverbintenisse in God se Naam bevestig, op kerkordelike wyse saam groepeer kan word om as 'n teologies-kategoriale streeksinode deel te vorm van die algemene sinodale verband.
    d. Die Algemene Sinode versoek bestaande sinodes van die NG Kerk om ruimte te skep vir gemeentes om by so 'n teologies-kategoriale sinode aan te sluit.
    e. Die Algemene Sinode bevestig dat hierdie kategoriale sinode dieselfde regte en voorregte as ander samestellende kerke/sinodes van die Algemene Sinode sal besit.
    f. Die Algemene Sinode besluit om 'n taakspan saam te stel wat kan help om sinodes wat so besluit en hulp nodig het, adviserend te begelei en ook samewerking tussen die sinodes onderling te koördineer sodat daar uit al die sinodes slegs een kategoriale sinode tot stand sal kom.
        i. Die AS besluit om hierdie adviserende taakspan soos volg saam te stel: Die ASM benoem drie lede, en die kerkrade wat hierdie beskrywingspunt ingedien het tesame met die ander kerkrade wat soortgelyke beskrywingspunte ingedien het, benoem die ander drie lede van die taakspan.

KERKRAADSVOORSITTER

p/p **LEIEROUDERLING**